**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

**DATUM: 30/05/2005**

**ONRAPORTEERBAAR**

**DIE STAAT**

**v**

**SANTOS J FUMA**

**Landdros Pretoria**
**Landdroshofsaaknommer 12/964/2004**
**Hooggeregshof verwysingsnommer 1115**

---

**HERSIENINGSUITSPRAAK**

**BASSON, R**

Die beskuldigde. 'n 23 jarige burger van Mosambiek. bet in die landdroshof te Hatfield, vir die distrik Pretoria, tereggestaan op aanklagte van besit van inbraakgereedskap en besit van vermoedelik gesteelde goedere. Die beskuldigde het onskuldig gepleit.

Die beskulqigde was nie regsverteenwoordig nie.

Die beskuldigde is aan die ten laste gelegde misdrywe skuldig bevind en gevonnis tot 'n termyn van 12 maande gevangenisstraf op aanklag 1 en tot 'n termyn van 9 maand, gevangenisstraf op aanklag 2.

Die oorkonde bevat geen aanduiding dat die beskuldigde se reg op regsverteenwoordiging aan hom verduidelik is nie.

In Hiemstra *Suid-Afrikaanse Strafproses* 6de uitgawe merk die geleerde skrywers Kriegler J en Kruger A soos volg op (op bladsy 827):

"Dit is die plig van die voorsittende beampte om 'n verstaanbare oorkonde van die verrigtinge in die eerste persoon te hou (S v *Haibeb* 1994 (1) SASV 657 (Nm) ... "

en verder:

"Met betrekking tot regsverteenwoordiging het die beskuldigde ingevolge GW 35(3) (f) en (g) 'n aantal regte:

(a) om verteenwoordig te word deur 'n regsverteenwoordiger van eie keuse; of

(b) om op staatskoste van 'n regspraktisyn voorsien te word; of

(c) om sy of haar eie verdediging waar te neem; en om onverwyld van hierdie regte ingelig te word. Die oorkonde moet aandui dat hierdie regte aan die beskuldigde verduidelik is. As die oorkonde dit nie aantoon die. krv die beskuldigde die voordeel van die twyfel dat sodanige inligting nie ontvang is nie (my onderstreping) (S v *Moos* 1981 (1) SASV 372 (K)".

*In casu* is die oorkonde gebrekkig aangesien die verduideliking van die fundamentele reg tot regsverteenwoordiging nie aangeteken is nie. Die gevolg is dat daar 'n regskending plaasgevind het in die lig van die feit dat die beskuldigde die voordeel van enige twyfel of sy reg op regsverteenwoordiging aan hom verduidelik is moet ontvang.

Gevolglik was die skuldigbevindings nie ooreenkomstig die reg nie en moet tersyde gestel word op hersiening.

Ek maak die volgende bevel: Die skuldigbevindings en strawwe word ter syde gestel.

Aangesien die beskuldigde op die getuienis 'n onwettige immigrant is moet die plaaslike kantoor van die Departement van Binnelandse Sake onverwyld van hierdie uitspraak ingelig word. Die gevangenisowerhede moet ook onverwyld hiervan verwittig word.

Die beskuldigde moet onmiddelik uit die gevangenis vrygelaat word.

**D A BASSON**

**REGTER V AN DIE HOOGGEREGSHOF**

Ek stem saam

**A M DE VOS**

**REGTER V AN DIE HOOGGEREGSHOF**